

[GOLDIN, J.]

[1967 (1)]

[R.]

dorsed with particulars and should be suspended for the lifetime of the accused.

The accused admitted that on 18th April, 1962, he was convicted on two counts under sec. 168 (1) of the Roads and Road Traffic Act, 50 of 1953, which constituted an offence similar to that contained in sec. 219 (1).

Sec. 219 (3) of the Act provides:

"Subject to the provisions of this section, if any person is convicted under any law of Rhodesia or any other law of the offence of driving or attempting to drive a vehicle while under the influence of intoxicating liquor or a drug or of any offence of which the driving of a vehicle while under the influence of intoxicating liquor or a drug is an element, and at the date of such conviction has two or more previous convictions for the same or similar offences under any law of Rhodesia or under any other law or under both such laws, the court shall declare him to be disqualified from driving any vehicle during his lifetime, unless the court, having regard to the special circumstances of the case (which it shall record), thinks fit to order otherwise."

The magistrate, in submitting the case for review, expresses a doubt concerning the interpretation of this section and says that the Legislature may have intended that a person

"be given two warnings or chances and then on the third conviction suspend his driver's licence for life".

The question therefore arises whether at the date of this conviction the accused had two previous convictions for the same offence so as to render him liable to be disqualified from driving any vehicle during his lifetime. The reference to previous convictions can relate to both occasions of conviction and counts upon which convicted. If regard is had, however, to the intention of the Legislature as would appear from the wording of this sub-section and other provisions of the Act, it is clear that the Legislature intended that a person be given two chances before his licence is suspended for life. The Legislature intended that the two previous convictions should take place on two different occasions and therefore two or more convictions on one previous occasion do not satisfy such requirements. In other words, a conviction and sentence on two or more counts should be construed as one conviction for the purpose of sec. 219 (3).

The Attorney-General, to whom I have referred the matter, agrees with my view that the suspension of the accused's licence for life cannot be justified.

Accordingly, the order suspending the accused's driver's licence for life in terms of sec. 219 (3) is set aside. The case is remitted to the magistrate for the purpose of hearing and considering evidence concerning the suspension of the accused's driver's licence in terms of sec. 219 (2). In all other respects the conviction and sentence are confirmed.

## PRINSLOO EN 'N ANDER v. VAN ZYL, N.O.

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING.)

1966. September 27; Desember 15. DE VILLIERS, R. A

\**Insolvensie.*—Die insolvent.—Akkoord volgens art. 119 (7) van Wet 34 van 1936.—Vereistes van 'n geldige akkoord.

Artikel 119 (7) van die Insolvensiewet, 24 van 1936, stel drie-vierdes volgens waarde en drie-vierdes volgens getal van die stemme van al die skuldeisers wat hulle vorderings teen die boedel bewys het as vereiste vir 'n geldige akkoord. En 'n akkoord wat nie aan dié vereistes voldoen nie is nietig. B

Keerdag van 'n bevel nisi.

A. B. Burger, en daarna K. van Dijkhorst, namens die applikante.

C. P. Joubert (bygestaan deur P. M. Nienaber), namens die respondent. C

Cur. adv. vult.

Postea (Desember 15).

DE VILLIERS, R.: Hierdie is die keerdag van 'n bevel nisi uitgereik op Vrydag, 26 Augustus 1966, waarin die Hof die volgende gelas het: D

1. dat die verkoping wat op 27 Augustus 1966 gehou sal word om die vaste eiendom van die eerste applikant te verkoop hierby afgelas word; en
2. dat 'n bevel nisi hierby uitgevaardig word wat respondent oproep om redes, indien enige, voor hierdie Hof aan te voer op die 13de dag van September 1966, om 10 uur vm. waarom:
  - (a) daar nie gevolg gegee sal word aan die akkoord deur applikant voorgestel en deur die skuldeisers aangeneem nie; en
  - (b) hy nie die koste van hierdie aansoek sal betaal nie."

Die geskiedenis wat hierdie bevel voorafgegaan het is kortliks die volgende. Die eerste applikant, Prinsloo, se boedel is gesekwestreer kragtens 'n bevel van hierdie Hof op 11 Augustus 1964. Die respondent, Nicolaas Jacobus van Zyl, is aangestel as kurator in die insolvente boedel. Op 11 Augustus 1965 het die insolvent 'n skriftelike aanbod aan sy skuldeisers in sy insolvente boedel gerig waarin hy 'n bedrag van 10c in die rand aan konkurrente skuldeisers aangebied het en onderneem het om die voorkeurskuldeisers ten volle te betaal in die mate waarin hulle versekerde en preferente skuldeisers was; hy het toe verder onderneem G om alle administrasiekoste in sy boedel ten volle te betaal. Die verdere voorwaardes is nie van belang nie, behalwe die vyfde voorwaarde wat soos volg lui:

"Alle bates van my insolvente boedel soos ten tye van my sekwestrasie tesame met alle bates daarna verkry (uitgesonderd natuurlik daardie bates wat deur my trustee gedurende die administrasie van my boedel tot op datum hiervan vervreem is) aan my terug gegee sal word en dat ek alle bates wat ek hierna mag verkry vir my eie voordeel sal behou." H

\**Insolvency.*—The insolvent.—Composition in terms of sec. 119 (7) of Act 24 of 1936.—Requisites of a valid composition.

Section 119 (7) of the Insolvency Act, 24 of 1936, prescribes that three-quarters in value and three-quarters in number of all creditors who have proved their claims against the estate are required for a valid offer of composition. And a composition which does not comply with this requirement is invalid.

Die formele vereistes van art. 119 is nagekom en 'n vergadering van krediteure is belê vir 11 Augustus 1965. Dit is gemeensaak dat op daardie vergadering al die krediteure wat gestem het deur hulle verskeie prokureurs verteenwoordig was. Op die vergadering het die insolvent sy aanbod met betrekking tot konkurrente skuldeisers verhoog na 20c in die rand. Daarna is tot 'n stemming oorgegaan en die landros het die volgende noteer:

„Uitslag van stemming:

Getalle: Ten gunste van voorstel: 20

Daarteen: 20

B Waardes: Ten gunste: R31,455.

Daarteen: R22,416.

Aanbod van akkoord word aangeneem.”

Die trustee het toe 'n brief, aanhangsel „C”, aan die insolvent geskryf. Dit is gedateer 28 Februarie 1965, maar dit moet klaarblyklik 28 Augustus 1965 wees. Die brief lees soos volg:

C „Ons bevestig verder dat ons vandag die 28 Augustus 1965 die vaste eiendom weer aan u terug handig tesame met al die los goed en ander bates soos verskyn op u vermoë staat en wat deur ons as trustee in beslag geneem is.”

'n Verdere brief is ook aan die insolvent geskrywe waarin daar gewag gemaak is van waarborge wat die insolvent kragtens die akkoord moes lewer en wat hy blykbaar gedoen het. Die betrokke paragraaf van die brief, aanhangsel „D”, geskrywe blykbaar ook op 28 Augustus 1965, lees soos volg:

„Aangesien u nou 'n waarborg gelewer het om onderhewig aan sekere voorwaardes hierdie kompromie te verwesenlik het u my toestemming om kontrakte aan te gaan onderhewig aan die bepalinge van die Insolvensiewet.”

E Volgens die Meester se supplementêre verslag wat ingedien is was geen aansoek aan die Meester gerig vir 'n sertifikaat ingevolge art. 119 (7) van Wet 24 van 1936 nie.

Die eerste applikant het 'n gedeelte van die vaste eiendom, wat aan hom teruggegee is ingevolge die akkoord, op 31 Mei 1966 aan die tweede applikant, Otto, oorgedra kragtens 'n skriftelike ooreenkoms, aanhangsel „F” tot die versoekskrif. Op 13 Julie 1966 het 'n vergadering van die skuldeisers plaasgevind en is daar, onder andere, besluit dat die kurator moet optree om die akkoord nietig te laat verklaar.

Op 26 Julie 1966 is daar namens die respondent 'n skrywe aan die insolvent gerig, aanhangsel „J” tot die versoekskrif, waarin hy meegeedeel is dat die akkoord, wat hy met sy skuldeisers aangegaan het, nietig is aangesien dit nie aan die vereistes van die Insolvensiewet voldoen nie en dat die kurator sou voortgaan om die boedel te berekder asof daar geen kompromie was nie. Ingevolge hiervan het die kurator in „Die Lowvelder”, 'n koerant wat blykbaar sirkuleer in daardie omgewing, adverteer dat die plaas, wat die gedeelte deur die tweede applikant gekoop het insluit, op 27 Augustus 1966 per publieke veiling verkoop sou word. Ten gevolge hierdie advertensie het die twee applikante op 26 Augustus die Hof genader en die bevel, wat die onderwerp van hierdie verrigtinge is, gekry.

Namens beide applikante het mnr. Burger 'n punt *in limine* geneem. Hy het hom beroep op die Insolvensiewet en aangevoer dat die akkoord, wat aangegaan was, 'n wettige akkoord was, dat die voorsittende beamppte 'n quasie-judisiële funksie verrig het toe hy die akkoord aanvaar het; gevolglik, moes die respondent die akkoord by wyse van

hiersieningsprosedure ter syde laat stel het ingevolge die bepalinge van art. 151 (1) van die Insolvensiewet.

Na aanhoor van die punt *in limine* het ek tot die gevolgtrekking gekom dat dit beter sou wees indien ek argument oor die hele saak sou aanhoor, aangesien dit myns insiens onmoontlik is om die punt *in limine* af te handel sonder om op die hele saak in te gaan.

By die voortsetting van die applikante se betoog het mnr. van Dijk-horst, wat toe namens beide applikante opgetree het, aangevoer dat die akkoord geldig was. Hy het aangevoer dat, vir doeleindes van art. 119, 'n gewone meerderheid bereken volgens die waarde van hul vorderings voldoende was om 'n geldige akkoord tot stand te bring; dat die vereistes van drie-kwart in waarde en getal alleen noodsaaklik was vir die verkryging van 'n Meestersertifikaat vir doeleindes van rehabilitasie. Hy het verwys na arts. 52 (2), 53 (2) en 53 (3) van die Insolvensiewet, en aangevoer dat, aangesien die krediteure, by meerderheidsbesluit bereken volgens waarde, opdragte aan die kurator kan gee om ooreenkoms te gaan, hulle ingevolge art. 119 ook 'n opdrag aan hom kan gee om 'n akkoord of ooreenkoms met die insolvent aan te gaan.

Indien die applikante se betoog reg is sou dit volg dat art. 119 voorsiening maak vir twee soorte akkoorde, die een waar 'n gewone meerderheid in waarde die deurslag sou gee, en die ander waar drie-vierdes in getal en waarde die deurslag sou gee. Dit lyk my dat arts. 52 en 53 eerder slaan op die gewone funksies wat 'n kurator verrig en niks te doen het met die daarstelling van 'n formele akkoord soos beoog deur art. 119 nie. Ek dink nie dit kon ooit die bedoeling van die Wetgewer gewees het om twee soorte akkoorde daar te stel in art. 119 nie, veral nie in die lig van die verandering wat daar aan die gemenerereg aangebring is deur die verskeie wetsbepalinge wat die huidige art. 119 voorafgegaan het nie.

Dit is duidelik dat in die gemenerereg 'n geldige akkoord, tensy deur wetgewing anders bepaal, alleen tot stand gekom het indien al die skuldeisers daartoe toegestem het.

In dié verband sê *Voet*, 2.14.23 (*Gane* se vertolking, band 1, bl. 436), die volgende:

„So far, moreover, it is true that one person can never damage a third party by his agreement that as a general thing no different rule must be laid down when a question relates to an agreement of a majority of creditors to forego some portion of a debt. The reason is that what concerns all individually as individuals must also be approved by the individuals. The question here is of the loss of some thing or right accruing privately to each. Every one is deemed to be the umpire and director of his own, but not one of another's business. Hence he may renounce his own right indeed but not that of another, and he may be generous with what is his own but not with that which is another's. Lastly, care should be taken above everything that a covenant made as to one matter or with one person is not damaging in the case of another matter or another person. It would therefore be unfair that an objecting minority should also be deemed to have foregone the same share of a debt as a majority of creditors has foregone from motives based either on compassion or on affection.”

Sien verder van der Linden, *Koopmans Handboek*, 3de boek, afdeling 1, hoofstuk 10, para. 4 (*Juta* se vertaling, bl. 346); van der Keessel, *Theses Selectae*, Thesis 892, (*Lorenz* se vertaling, bl. 304).

Wat Transvaal betref is die gemenerereg vir die eerstekeer verander deur arts. 106 tot 108 van Wet 13 van 1895. 'n Drie-vierde meerderheid in getal stemme, en drie-vierde meerderheid in waarde van vor-

derings is as vereiste gestel vir 'n geldige akkoord. Art. 105 (2) van Wet 32 van 1916 het ook die vereiste gestel en is amper woordeliks dieselfde as art. 119 (7) van Wet 24 van 1936.

Na my mening kan dit nooit die bedoeling van die Wetgewer gewees A het om die regte van 'n skuldeiser onder die gemene-reg, by wyse van wetgewing so drasties in te kort as wat mnr. van Dijkhorst betoog het nie. Gevolglik is ek van mening dat art. 119 (7) drie-vierdes volgens waarde en drie-vierdes volgens getal van die stemme van al die skuldeisers wat hul vorderings teen die boedel bewys het as vereiste vir B 'n geldige akkoord stel.

Art. 119 (7) moet streng interpreteer word aangesien dit die gemene-reg verander het wat die regte van skuldeisers betref (*Moti & Co. v. Cassim's Trustee*, 1924 A.D. 720 op bl. 748) en indien daar nie aan die vereistes van art. 119 (7) voldoen word nie, is so 'n akkoord na my mening nietig. Sien *Zulman and Others v. Schultz*, 1924 T.P.A. bl. 24 op bl. C 43; *de Smidt v. Blankenberg*, 2 Menzies 248).

Mnr. van Dijkhorst het aangevoer dat, indien die akkoord nietig was, die skuldeisers tog die akkoord aanvaar het, en dat hulle nie nou kan kom sê dat die akkoord nietig is nie, veral nie nadat die insolvent met toestemming van die kurator sekere eiendom vervreem het nie. Hy D het verwys na *Laws v. Rutherford*, 1924 A.A. 261. Ek dink nie die gewysde steun hom nie. Op bl. 263 van die verslag sê INNES, H.R., die volgende:

„The *onus* is strictly on the appellant. He must show that the respondent with full knowledge of her right decided to abandon it, whether expressly or by conduct plainly inconsistent with an intention to enforce it. Waiver is a question of fact depending on the circumstances.”

E Die feite in die onderhawige saak toon duidelik dat beide die krediteure en die trustee, trouens alle partye wat teenwoordig was, 'n regs-dwaling begaan het by die vertolking van art. 119 (7). Hulle was almal onkundig oor die werklike betekenis van art. 119 (7). In hierdie omstandighede is hul optrede na my mening verskoonbaar. Sien *Tighy v. Putter*, 1949 (1) S.A. 1070 (T); *Phillipson v. Bahadur*, 1956 (1) S.A. 83 (S.R.); *Ex parte Estate van Rensburg*, 1965 (3) S.A. 251 (K).

Afgesien hiervan lyk dit vir my asof die krediteure nie by magte was om van hul regte daargestel deur art. 119 af te sien nie. Dit lyk my dat die doel met die daarstelling van 'n akkoord nie daarop gerig was om aan 'n enkele persoon of groep persone 'n voordeel te gee nie, of dat dit gesê kan word dat dit net 'n sekere aantal persone raak nie. Na my mening raak hierdie artikel die algemene publiek, en reël dit saamgelees met art. 124 (1) onder watter omstandighede 'n insolvent weer aan die handel kan deel neem. Die vraag of 'n persoon kan afstand doen van 'n reg wat ook die publiek raak is soos volg deur H INNES, WN.-H.R., in *Ritch & Bhyat v. Union Government*, 1912 A.A. 719 te bl. 735, opgesom:

„The maxim of the civil law (C. 2, 3, 29), that every man is able to renounce a right conferred by law for his own benefit was fully recognised by the law of Holland. But it was subject to certain exceptions, of which one was that no one could renounce a right contrary to law, or a right introduced not only for his own benefit but in the interests of the public as well.”

Nadat die geleerde Regter na die Engelse reg verwys het gaan hy voort:

„Cases in which the result of the renunciation or waiver would be to effect something either expressly forbidden by statute or absolutely illegal by common

law of course presents no difficulty. But the same principle must necessarily apply where the result of a renunciation by an individual would be to abrogate the terms of a statute which in their nature are mandatory and not directory (*Craies*, p. 83). Because otherwise the result would be not merely to destroy private rights, but to defeat the provisions of the enactment intended on general and public grounds to be peremptory and binding on all concerned.”

Dit was nie sterk betoog deur die applikante, en ek dink tereg ook, A dat art. 119 aanwysend en nie gebiedend is nie. Sien verder *Wilken v. Kohler*, 1913 A.A. 135 te bl. 142.

Om hierdie redes is ek van mening dat hierdie betoog namens die applikante nie 'n goeie een is nie.

Mnr. van Dijkhorst het ten slotte, namens die tweede applikant, Otto, B die verweer van estoppel teen die respondent opgewerp. Hy het aangevoer dat dit alom bekend was dat die insolvent 'n akkoord met sy skuldeisers aangegaan het; dat die insolvent se bates ingevolge die akkoord aan hom teruggegee was om daarmee te handel na goedduke. Hy het verder verwys na die feit dat die insolvent reeds nege maande C in besit van die betrokke stuk grond was toe die kurator op aanvraag van die krediteure besluit het om die akkoord as nietig te beskou. Gevolglik het hy aangevoer dat hoewel die akkoord nietig mag wees, die kurator, op grond van billikheid aan die ooreenkoms tussen Otto en die insolvent gebonde gehou moet word. In *Trust Bank van Afrika v. Eksteen*, 1964 (3) S.A. 402 (A.A.), het HOEXTER, WN.-A.R., op bl. D 415 die volgende gesê:

„The doctrine of estoppel is an equitable one developed in the public interest, and it seems to me that whenever a representor relies on a statutory illegality it is the duty of the Court to determine whether it is in the public interest that the representee should be allowed to plead estoppel. The Court will have regard to the mischief of the statute on the one hand and the conduct of the parties and their relationship on the other.”

E Die indruk wat ek kry van die stukke voor die Hof deur Otto geplaas is dat hy van die begin ten volle bewus was van die feit dat die insolvent 'n akkoord ingevolge art. 119 van die Insolvensiewet met sy skuldeisers aangegaan het. Die inleiding van die ooreenkoms, ahangsel „F” tot die versoekskrif, ingevolge waarvan Otto die betrokke F stuk grond van die insolvent gekoop het, bepaal:

„Otto onderneem om al die skulde van Prinsloo kragtens 'n sekere kompromie met sy skuldeisers te betaal wanneer die rekening van die trustee in die insolvente boedel van Prinsloo deur die Weesheer te Pretoria bekragtig word.”

Dit is duidelik dat die ooreenkoms waarop Otto steun gekoppel is aan die akkoord. Otto moes geweet het dat as die akkoord nietig is verval G sy ooreenkoms. Hoewel Otto in besit van die grond is, het hy blykbaar nog nie daarvoor betaal nie. In sy eedsverklaring meld hy dat hy onherroeplike skade sal ly indien die koopkontrak gekanselleer word aangesien hy dan besit van die eiendom sal verloor.

H Wat die krediteure betref moet daar nie uit die oog verloor word nie dat die meerderheid toegestem het tot die akkoord uit onkunde, dat hulle aanvanklik teen die akkoord gestem het, dat hulle geen ander regte het met betrekking tot die aanvaarding al dan nie van die akkoord as wat art. 119 hulle gegee het nie.

Onder hierdie omstandighede, met inagneming van die opset van art. 119, en die billikheid, is ek van mening dat ek nie die verweer van estoppel moet toelaat nie. Weens die mening wat ek huldig gaan ek my nie uitlaat oor die vraag of die kontrak waarop Otto steun voldoen

586 AMAL. SOC. OF WOODWORKERS V. DIE AMBAGSAALVERENIGING.  
[DE VILLIERS, R.] [1967 (1)] [T.P.A.]  
aan die vereistes van art. 1 (1) van Wet 68 van 1957 nie. Op die  
oog af lyk dit baie twyfelagtig.

Om hierdie redes is ek van mening dat die akkoord aangegaan op  
11 Augustus 1965 deur eerste applikant met sy skuldeisers nielig is,  
en dat die verwerre geopper deur beide eerste en tweede applikant op  
die veronderstelling dat die akkoord nietig is verwerp moet word.

Die was aangevoer dat wat Otto betref hy nie aanspreeklik gehou  
moet word vir koste nie vanweë die feit dat hy na die Hof moes  
kom om sy eiendom te beskerm. Ek dink nie hierdie betoog neem  
Otto se geval uit die gewone reël, nl. dat 'n party wat hof toe kom  
om sy eiendom te beskerm en die saak verloor gewoonlik aanspreeklik  
is vir koste. Ek dink dit sal billik wees indien ek beveel dat elke  
applikant 'n helfte van die respondent se koste betaal. Ek is van mening  
dat hierdie aansoek twee advokate vir die respondent regverdig, en  
gevolglik laat ek koste van twee advokate vir die respondent toe.

Bygevolg maak ek die volgende bevel:

Die bevel uitgereik deur hierdie Hof op 28 Augustus 1966 word  
tersyde gestel; elke applikant word beveel om 'n helfte van die respon-  
dent se koste te betaal. Koste van twee advokate word toegelaat.

Wat die saak van van Zyl, N.O. v. Prinsloo, betref was dit gemeen-  
saak dat daardie saak die uitspraak van hierdie saak sou volg. In  
daardie saak dus word die volgende beveel:

(a) Dat die respondent gelas word om die vaste eiendomme--

(i) sekere gedeelte 5 van die plaas Weltevreden Nr. 454, J.U., distrik  
Barberton; groot 153.6123 morges; en

(ii) gedeelte 3 (bekend as Nooitgedacht) van die gekonsolideerde plaas  
Weltevrede Nr. 5, distrik Barberton; groot 824.9986 morges; en soos  
geokkupeer in terme van 'n notariële huurkontrak

binne die tydperk van 48 uur te ontruim en die applikant in besit van die  
eiendomme geplaas word.

(b) Dat die koste van hierdie aansoek deel sal uitmaak van die koste van die  
beredding van die insolvente boedel."

Applikante se Prokureurs: *Ackerman, Kuschke & Vermote*. Respon-  
dent se Prokureurs: *Dyason, Douglas, Muller & Meyer*.

AMALGAMATED SOCIETY OF WOODWORKERS OF S.A.  
AND ANOTHER v. DIE 1963 AMBAGSAALVERENIGING.

(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION.)

1966. October 24, 28; December 8. DE VOS, J.

*Money counts.—Condictio indebiti.—Body corporate making donation  
ultra vires its powers.—Entitled to reclaim payment made.*

The second plaintiff, a body corporate, had, in making a monetary donation to  
the defendant, acted outside the powers laid down by its constitution, i.e. had  
acted *ultra vires*.  
Held, that it was entitled to claim repayment of the money paid by it to the  
defendant.

Action to recover a sum of money. The facts appear from the reasons  
for judgment.

AMAL. SOC. OF WOODWORKERS V. DIE AMBAGSAALVERENIGING. 587  
[DE VOS, J.] [1967 (1)] [T.P.D.]

*S. Kentridge, S.C. (with him H. F. Junod), for the plaintiffs.  
D. O. Vermooten, for the defendant.*

*Cur. adv. vult.*

*Postea* (December 8th).

DE VOS, J.: First plaintiff is the Amalgamated Society of Wood-  
workers of South Africa, to which I shall refer hereinafter as the  
"A.S.W.". It is a trade union registered as such in terms of the Indus-  
trial Conciliation Act, 28 of 1956. Second plaintiff is a common law  
*universitas*. This body corporate came into existence in Pretoria on 1st  
January, 1921, in terms of a constitution which laid down, in regard  
to its membership:

"Membership shall consist of the various trades unions referred to in schedule  
'A', attached hereto, which may be added to from time to time as provided in  
the next succeeding section provided always however that only the Pretoria  
Branch of any trades union will be eligible for membership."

Schedule "A" attached to the constitution contained the names of  
ten trade unions, including that of the first plaintiff, then called "The  
Amalgamated Society of Carpenters and Joiners".

In regard to the manner in which the body was to be governed the  
following was stated:

"Each trades union (Pretoria Branch) which is a member of this Society shall,  
for every 100 members or part thereof, have the right to nominate to the  
Society. Such nomination shall take place by a vote of the majority of the said  
union and the delegate or delegates shall not be entitled to recognition unless  
his credentials from his particular branch have been properly drawn and  
approved.

The government of the Society shall be in the hands of the delegates and the  
delegates shall amongst themselves elect an executive committee which shall  
consist of

1. A president
2. A vice-president
3. Three trustees
4. A secretary and treasurer.

Duties of Executive

The president, the vice-president and the trustees shall be similar to that of  
directors as detailed in Table 'A' contained in the Fourth Schedule to the Com-  
panies Act of 1909."

Explicit provision was made for the second plaintiff to hold property  
in its own name. In 1963 the second plaintiff had on its committee dele-  
gates from the Pretoria Branches of only the following three trade  
unions, namely: The A.S.W. (first plaintiff), the Amalgamated Union  
of Building Trade Workers and the Transvaal Transport Workers  
Union. It had been functioning as an autonomous body for all practical  
purposes, its main purpose being to hold as owner and to administer a  
trades hall building containing not merely the hall itself but also cer-  
tain offices. In practice no curb was placed on the powers of the Pre-  
toria Branches concerned in governing the second plaintiff through their  
delegates, of whom, at the crucial period over which the present dis-  
pute developed, there were two on the governing body for each trade  
union concerned.

From the minutes of a meeting of second plaintiff dated 21st August,  
1963, it appears that a cheque for R58,500 was paid over to the second  
plaintiff as the price for which, for reasons which are irrelevant to the